



SERVICE-RANGE-COUNTRYWIDE

AGRA



SERVICE-RANGE-COUNTRYWIDE

SOCIAL REPORT • SOSIALE VERSLAG

2008/2009 FINANCIAL YEAR
AUGUST 2008 - JULY 2009



2008/2009 FINANSIËLE JAAR
AUGUSTUS 2008 - JULIE 2009

At Agra, we are country proud. We are proud of the people who shape our beloved country, and especially the agricultural sector. We realise how privileged we are to operate in a prosperous and harmonious community, all contributing to each other's success in one or other way.

"A business that makes nothing but money is a poor kind of business." Henry Ford and His Holiness, the Dalai Lama said "Global change begins with individual action. For any change, any movement in the human community, the initiative must come from individuals."

Much has been said and written about the need for Corporate Social Involvement to be both strategic and effective and in an attempt to balance the selected development goals with business objectives. In summary it can be said that at Agra we attempt to align our social investment activities to our core business by means of investing into capacity building in the agricultural sector. All projects supported are in line with our corporate values with emphasis on sustainability and longer term development. A dedicated team manages the corporate social investment function closely across the organisation. In our projects we aim to forge good community relations, and also encourage employee volunteerism. Knowledge sharing as well as project evaluation forms an integral part of our approach. We realise that anything in life is possible for anyone to achieve: all that is needed is a goal, an action plan and the will to pull through this decision, take it what it may. In this drive, we go hand in hand with various communities which we support.

In fulfilling its social responsibilities and public commitments during the year, Agra presented various projects and training programmes to the public, supported farmer association days, communal and commercial shows and agricultural training and development. Agra also invests in our staff by means of financial assistance to students via a bursary scheme and through various personal development programmes.

When we invest in the farming sector, we ensure that each dollar provided delivers some sound returns. A win-win situation benefiting both Agra as the farmers' service provider and the farmer as agricultural producer is imperative for any sponsorship or social investment.

Agra formally supported sixty selected individual projects in addition to numerous other events supported informally at branch level during the past financial year (2008/2009). Agra's subsidiaries, the Karakul Pelt Centre, Auas Vet Med, Safari Den and Auas Wholesale cooperated with organisers of events, often in conjunction with the suppliers as partners in business and development.



Birgit Hoffmann
Senior Manager Corporate Affairs

Agra is trots Namibies. Ons is trots op die mense wat ons geliefde land help vorm en die landbousektor lê ons na aan die hart. Ons beseft dat ons bevoorreg is om te kan handel in 'n omgewing waar vrede en voorspoed heers en wat op een of ander manier bydra tot Agra se sukses.

"'n Besigheid wat niks anders as geld inbring nie, is 'n arm tipe besigheid" het Henry Ford gesê. Die Dalai Lama het ook gesê dat wêreldwye verandering begin met individuele aksie. Vir enige verandering, enige ontwikkeling in die menslike gemeenskap, moet die inisiatief van die individue kom.

Baie is al gesê en geskryf oor die noodsaaklikheid van korporatiewe sosiale betrokkenheid wat strategies en effektief moet wees in 'n poging om 'n balans te handhaaf tussen die geselekteerde ontwikkelingsdoelwitte en die doelwitte van die besigheid. Opsommend kan gesê word dat ons by Agra poog om ons sosiale investeringsaktiwiteite in te skakel by ons kernbesigheid deur te investeer in kapasiteitsbou in die landbousektor. Al die projekte wat ondersteun word is in lyn met ons korporatiewe waardes wat volhoubaarheid en ontwikkeling oor die langer termyn beklemtoon. 'n Toegewyde span bestuur die organisasie se totale sosiale investeringsfunksie. Deur middel van ons projekte poog ons om goeie gemeenskapsverhoudings te bou en ons moedig ook vrywillige betrokkenheid deur personeel aan.

Projekevaluering vorm 'n integrale deel van ons benadering. Ons beseft dat enigiets in die lewe moontlik is vir enigeen om te bereik – al wat nodig is, is 'n doelwit, 'n aksieplan en die wil om die besluit deur te voer, kom wat wil. In hierdie opsig beweeg ons hand-aan-hand met verskeie gemeenskappe vir wie ons ondersteun.

Agra het in die afgelope finansiële jaar sy sosiale verantwoordelikheid en verbintenisse bevestig. Ons het verskeie projekte en opleidingsprogramme aan die publiek gebied, boereverenigingsdae, kommersiële en kommunale skoue asook landbou-opleiding-en ontwikkeling ondersteun.

Ons belê ook in ons personeel deur ondersteuning vir opleiding en ontwikkeling en deur verskeie persoonlike ontwikkelingsinisiatiewe.

Wanneer ons investeer in die landbousektor, is dit vir ons belangrik dat elke dollar wat ons gee, ook vir Agra waarde moet inhou. 'n Wen-wen situasie wat tot voordeel van Agra as voorsiener sowel as die boer as landbouprodusent is, is 'n vereiste vir enige borgskap of sosiale investering.

Agra het gedurende die afgelope finansiële jaar formeel sestig geselekteerde individuele projekte ondersteun sowel as talle ander geleenthede wat informeel op takvlak ondersteun is. Agra se filiale, die Karakoelpelssentrum, Auas Vet Med, Safari Den en Auas Wholesale het saamgewerk met organiseerders van geleenthede en dikwels ook saam met die voorsieners as vennote in besigheid en ontwikkeling.

Birgit Hoffmann
Senior Bestuurder Korporatiewe Aangeleenthede

VISION AND MISSION

Our vision is:

Agra my choice, my destination

Our mission is:

To be the one-stop agricultural business of choice in retail and livestock services:

- In Namibia and selected regions
- Delivering sustainable profitable growth
- Providing an excellent service and shopping experience
- To all our stakeholders
- Through a dynamic team

AGRA'S APPROACH

Despite the challenges of recent years, agriculture remains an important sector in the Namibian economy. As a significant part of the population directly or indirectly depends on agriculture, the extent to which Agra succeeds in serving the country will have a definite influence on individuals who make a living from agriculture and on our society at large.

It is therefore important that Agra's contributions remain relevant within a changing economic framework and reinforce its commitment to making a meaningful contribution to the well-being of Namibia

The well-being of society matters, in more ways than one. As a leading agricultural business, we can only prosper if the communities from which we derive our profits are prosperous.



VISIE EN MISSIE

Ons visie is:

Agra - my keuse, my bestemming

Ons missie is:

Om die een-stop landboubesigheid van voorkeur te wees in handel-en lewende hawedienste:

- In Namibië en geselekteerde streke
- Wat volhoubare winsgewende groei teweegbring
- Deur die voorsiening van uitstekende diens en 'n aangename inkopie-ervaring
- Aan al ons aandeelhouders
- Deur 'n dinamiese span

AGRA SE BENADERING

Ten midde van uitdagings, bly landbou 'n belangrike sektor in die Namibiese ekonomie. Omdat 'n aansienlike deel van die bevolking direk of indirek van landbou afhanklik is, het die mate waartoe Agra suksesvol is, 'n beslissende invloed op die individue wat 'n bestaan maak uit landbou, asook op ons gemeenskap in die geheel.

Dit is daarom belangrik dat Agra se bydraes relevant bly binne 'n veranderende ekonomiese raamwerk en dat ons ons verbintenis om 'n betekenisvolle verskil tot die welsyn van Namibië te maak, versterk.

Die welsyn van die gemeenskap is belangrik in baie opsigte. As 'n leidende landboukoöperasie kan ons slegs floreer as die gemeenskappe waarin ons ons besigheid doen, voorspoed beleef.

SPONSORSHIPS

CRITERIA FOR GRANTING SPONSORSHIPS

When Agra is approached for a sponsorship, donation or social investment, the decision is evaluated against a stringent set of criteria, including:

- How it aligns with Agra's core business operations
 - Geographic association
 - Alignment with the nature of business
 - Agra's customer base
- Agra's year planner
- Budget availability
- Cost effectiveness – inputs versus expected returns
- Communication with the target market
- Transfer of knowledge and skills
- Transparency
- An outcomes-based approach
- Sustainability of the project
- Importance of hands-on involvement, capacity-building and long-term relationship building.

All causes or events Agra supports must be legitimate and support the overall business strategy. Agra is apolitical and does not support one particular group over another: no party-political causes, no church or religious events will therefore be supported. Issues of national interest, when relevant, may receive Agra's support, particularly where it will help reach our business objectives.

BORGSKAPPE

KRITERIA VIR TOEKENNING VAN BORGSKAPPE

Wanneer Agra genader word vir 'n borgskap, donasie of sosiale investering, word die besluit geneem teen die agtergrond van die volgende kriteria:

- Skakel met Agra se kernbesigheidsbedrywe
 - Geografiese assosiasie
 - Ooreenkoms met aard van besigheid
 - Agra se kliëntebasis
- Agra se jaarbeplanner
- Begrotingsbeskikbaarheid
- Koste-effektiwiteit – insette teenoor verwagte verhoogde inkomste
- Kommunikasiegeleentheid met die teikenmark
- Oordra van kennis en vaardighede
- Deursigtigheid
- 'n Uitkomsgebaseerde benadering
- Volhoubaarheid van die projek
- Belangrikheid van praktiese betrokkenheid, bekwaamheidsontwikkeling en bou van langtermynverhoudings.

Alle sake of geleenthede wat deur Agra ondersteun word, moet wettig wees en die algehele besigheidstrategie ondersteun. Agra is apolities en ondersteun geen spesifieke groep bo 'n ander - geen partypolitiese sake, geen kerk-of godsdienstverwante geleenthede word dus ondersteun nie. Sake van nasionale belang, wanneer relevant, kan ondersteuning van Agra ontvang, veral waar dit sal bydra tot die bereiking van ons besigheidsdoelwitte.

ORGANISED AGRICULTURE

Optimal agricultural production requires a favorable farming environment - shaped by active and committed role players. In this regard Agra recognises the important role of organised agriculture, which includes Namibia's farmers unions and affiliated associations.

The Namibian Agricultural Union (NAU) and the Namibian National Farmers Union (NNFU) received financial assistance to host their annual congress and council meeting respectively. The discussion of critical matters of concern and strategies for the way forward has proven to contribute to the positive development of the agricultural sector, especially as this actively involves all relevant stakeholders.

The NNFU National Council in October 2008 was supported by Agra and attended by 50 delegates from regional farmers unions affiliated to the NNFU.



Agra was co-sponsor of the official opening of the 2008 NAU Congress. The theme for this congress was "The role and value of the farmer for food security." People who make valuable inputs to organised agriculture are rewarded during the official opening gala dinner.

Regional Farmers Unions, Associations and Co-operatives

Furthermore, Agra supported affiliated organisations like regional farmers unions and farmers associations to host various events. Altogether twenty individual events were sponsored in which Agra



GEORGANISEERDE LANDBOU

Optimale landbouproduksie vereis 'n gunstige boerderyomgewing – geskep deur aktiewe en toegewyde rolspelers. In hierdie opsig erken Agra die belangrike rol van georganiseerde landbou, wat Namibië se landbou-unies en geaffilieerde verenigings insluit.

Die Namibiese Landbou-unie (NLU) en die Namibiese Nasionale Boere-unie (NNFU) het finansiële ondersteuning ontvang om onderskeidelik hul kongres en nasionale vergadering aan te bied. Die bespreking van kritiese aangeleenthede van belang en strategieë vir die toekoms het reeds getoon dat dit bydra tot die positiewe ontwikkeling van die landbousektor, veral aangesien dit alle relevante rolspelers betrek.

Die NNFU Nasionale vergadering wat in Oktober 2008 plaasgevind het, is deur Agra ondersteun en is bygewoon deur 50 afgevaardigdes van streekslandbou-unies wat by die NNFU geaffilieer is.



Agra was medeborg van die amptelike openingsaand van die 2008 **NLU kongres**. Die tema van die kongres was "Die rol en waarde van die boer in voedselsekureit". Personewatwaardevolle insette lewer tot georganiseerde landbou ontvang gedurende hierdie gala-geleentheid tekenings.

Streekslandbou-unies, landbou-verenigings- en koöperasies

Agra het ook geaffilieerde organisasies soos streekslandbou-unies en boereverenigings ondersteun met die aanbied van verskeie geleenthede. 'n Totaal van twintig individuele geleenthede is geborg en Agra was aktief betrokke deur middel van aanbiedings, beoordeling van lewende hawe, uitstal en demonstrering van nuwe produkte of deur die kostes te help dra vir verkryging van kundiges om hul kennis te deel.

Boereverenigings en koöperasies, veral in die kommunale boerdery-



was actively involved by means of presentations, judging of livestock, exhibiting and demonstrating new products or sponsoring the costs of experts sharing their knowledge.

Farmers associations and co-operatives, especially in the communal farming area, have become active role-players in the structured marketing of livestock through regular livestock auctions or permit days. Agra supports these initiatives by hosting auctions or buying at permit days and by assisting with the development of infrastructure. A fair share of the commission charged is paid to the organising organisations. Over the years, this contributed to the strengthening of these organisations and establishing of fair and competitive markets in the less developed farming areas.

During the financial year under review, 77 auctions were conducted by Agra in the communal farming area, which included a number of seasonal weaner calf auctions.



area, het aktiewe rolspelers in die gestruktureerde bemarking van lewende hawe geword deur die organisering van gereelde lewende hawe veilings or permitdae. Agra ondersteun hierdie inisiatiewe deur die aanbied van veilings of deur aankope te doen tydens permitdae en deur bystand met die ontwikkeling van infrastruktuur. 'n Gedeelte van die kommissie van die veilings word aan die organiserende instansies betaal. Dit het oor die jare bygedra tot die versterking van hierdie organisasies en die daarstel van redelike en kompeterende markte in die minder ontwikkelde boerdery-areas.

Gedurende die jaar onder oorsig is 77 veilings deur Agra aangebied in die kommunale areas wat ook 'n aantal seisoenale speenkalfveilings ingesluit het.

Karakul

The Karakul industry of Namibia is close to Agra's heart. It is not only because Agra's subsidiary, **swakara** and the Karakul Pelt Centre was developed into the most efficient marketing channel of Namibia's unique **swakara** product, but also because of its continued commitment to the development of the industry. Support from Agra included the promotion of trade in quality Karakul breeding material, active involvement in related emerging farmer development programmes, contribution to the annual Karakul championships and co-sponsoring the annual **Karakul Producer's Forum** meeting. Agra realises the huge potential this industry holds for Namibia and remains committed to fully develop it together with all its stakeholders. It is always an honour to be part of the **Gala Dinner** where the performers in the karakul industry are acknowledged by means of awarding the ten best producers, best and second best producer, the Copenhagen Fur/Agra Quality Award and the Golden Lamb Award.

Karakoel

Die Karakoelindustrie van Namibië is vir Agra naby aan die hart. Dit is nie net omdat hierdie filiaal van Agra, die Karakoelpelssentrum, ontwikkel is in die mees doeltreffende bemarkingskanaal van Namibië se unieke **swakara** produk nie, maar ook as gevolg van hul vogehoue toegewydheid aan die ontwikkeling van die industrie.

Ondersteuning deur Agra het ingesluit: die promosie van handel in kwaliteit Karakoel teelmateriaal, aktiewe betrokkenheid in verwante ontwikkelingsprogramme vir opkomende boere, bydraes tot die jaarlikse Karakoelkampioenskappe en medeborg van die **Karakoelprodusenteforum** se jaarlikse funksie.

Agra erken die potensiaal wat hierdie industrie inhou in Namibië en is daartoe verbind om saam met die rolspelers hierdie potensiaal te ontwikkel. Dit is altyd vir ons 'n eer om deel te wees van die galageleentheid waar die presteerders in die karakoelindustrie erken word deur toekennings aan die tien beste produsente, die beste en tweede beste produsent, die Copenhagen Fur/Agra Kwaliteitstoekening en die Goue Lam Toekening.



FARMER DEVELOPMENT & INFORMATION SHARING

FARMER DEVELOPMENT

Any successful farming enterprise requires sufficient knowledge. The required knowledge ranges from production inputs to marketing of the ideal product, as well as understanding various farming principles and the natural resource base. Agra supports various drives promoting the dissemination of farming related information as well as scientific organisations conducting relevant research in support of sustainable agricultural production.

ONTWIKKELING & DEEL VAN INLIGTING

ONTWIKKELING

Enige suksesvolle boerderyonderneming benodig voldoende kennis. Hierdie kennis strek van produksie-insette tot die bemarking van die ideale produk asook 'n begrip van verskeie boerderybeginsels en die natuurlike hulpbronnens.

Agra ondersteun verskeie ondernemings wat die deel van boerderyverwante inligting bevorder en wetenskaplike organisasies wat relevante navorsing doen in ondersteuning van volhoubare produksie.

AGRONOMY

Namibia's agronomic sector was supported by providing assistance to host the Pannar Farmers Day, the Grootfontein "Oesfees" organised by the Grootfontein Farmers Association and the Master Agronomist Day of the NAU's Agronomy Producers Association. These events cater for agronomists from all farming areas, extension technicians and advisors. Innovative inputs and technologies, economics of production, relevant developments in the market environment and refined sustainable production methods are some of the topics covered.



The **Master Agronomist Day** took place on the farm of Mark von Maltzahn, the Master Agronomist 2008 (Irrigation). The theme for the day was "Sustainable Biological Production."

The annual Harvest Festival or "**Oesfees**" as it is known, took place on the farm Poolmanskloof of Casper and Jantjie Oosthuizen, who were crowned "Oeskoning" of 2009. This established event brings producers, suppliers, service providers and other role players in the agronomy industry together.

The **Pannar Farmers' Day** includes relevant talks and discussions of experiments done with Pannar products.

LIVESTOCK

The development of the livestock production sector, Namibia's main agricultural industry, is continuously supported by Agra. Financial assistance was provided towards hosting of various events such as livestock championships and information days with Agra's experts being actively involved.

Information days presented with the Hartebeestloop and Bonsmara



Akkerbou

Namibië se akkerbousektor is ondersteun deur bystand van Agra om die Pannar Inligtingsdag, die Grootfontein Oesfees van die Grootfontein Boerevereniging en die Meesterakkerbouerdag van die Akkerbou Producente Vereniging aan te bied.

Hierdie geleentheid fokus op akkerbouers vanuit al die boerderygebiede, voorligtingsbeamptes en adviseurs. Innoverende insette en tegnologieë, produksie-ekonomie, toepaslike ontwikkelings in die markomgewing en verfynde volhoubare produksiemetodes is van die onderwerpe wat bespreek is.

Die **Meesterakkerbouerdag** het plaasgevind op die plaas van Mark von Maltzahn, die Meesterakkerbouer (besproeiing) van 2008. Die tema vir die dag was "Volhoubare Biologiese Produksie".

Die jaarlikse Oesfees het plaasgevind op die plaas Poolmanskloof van Casper en Jantjie Oosthuizen, wat gekroon is as Oeskoning van 2009. Hierdie jaarlikse gebeurtenis bring produsente, voorsieners, diensverskaffers en ander rolspelers in die akkerboubedryf bymekaar. Tydens die **Pannardag** word proewe wat met Pannar produkte gedoen is en ander relevante onderwerpe bespreek.

LEWENDE HAWE

Die ontwikkeling van die lewende hawe produksiesektor, Namibië se hoof landbou-industrie, word deurlopend deur Agra ondersteun. Finansiële bystand is verleen vir die aanbied van verskeie geleentheid soos lewende hawe kampioenskappe en inligtingsdae met kundiges van Agra wat ook aktief betrokke was.

Die inligtingsdae wat aangebied is saam met die Hartebeestloop en Bonsmara Top 10 veilings kan as hoogtepunte beskou word met groot



Top 10 auctions can be regarded as highlights with large numbers of farmers attending each event. Agra is proud to be associated with these prestigious events as they facilitate the provision of top quality breeding animals for optimal production in specific farming environments.

Two hundred potential buyers and interested breeders attended the **Hartebeestloop Open Farmers' Day**. Dr Dietmar Holm from the University of Pretoria and Dr Helena Theron of the ARC (Agricultural Research Council SA) presented lectures on the use and interpretation of Estimated Breeding Values (EBV's). EBV is an excellent tool to assist buyers in their selection process.

The **Top Ten Information Day** was attended by about 200 farmers and other interested people. Professor Isak Groenewald of the University of the Orange Free State gave a lecture on sustainable agriculture and Danie Bosman, an internationally well-known expert on cattle breeding shared information on selection for breeding efficiency.

AGRICULTURAL SHOWS

Namibia's agricultural shows provide breeders with the unique opportunity to showcase their stud animals and to promote individual studs and different breeds. Livestock championships successfully evolved as part of these events. Professional judging of animals sensitises breeders and commercial producers alike on suitable breeding animals, market requirements and being adapted to a specific farming environment.



getalle boere wat beide geleenthede bygewoon het. Agra is trots om met hierdie uitstaande geleenthede geassosieer te word aangesien dit die voorsiening van top gehalte teeldiere vir optimale produksie in spesifieke boerderyomstandighede fasiliteer.

Tweehonderd potensiele kopers en belangstellende telers het die **Hartebeestloop Ope Boeredag** bygewoon. Dr Dietmar Holm van die Universiteit van Pretoria en Dr Helena Theron van die LNR (Landbounavorsingsraad SA) het lesings aangebied oor die gebruik en interpretasie van beraamde teelwaardes. Beraamde teelwaardes is 'n uitstekende hulpmiddel vir telers in die seleksieproses.

Die **Top Tien Inligtingsdag** is bygewoon deur ongeveer 200 boere en ander belangstellendes. Professor Isak Groenewald van die Universiteit van die Oranje Vrystaat het 'n lesing aangebied oor volhoubare landbou. Danie Bosman, internasionaal bekende kundige in beesteling het inligting gegee rakende teeldoeltreffendheid.

LANDBOUSKOU

Namibië se landbouskoue bied aan telers die unieke geleentheid om hul stoetdiere te vertoon en individuele stoeterye en verskeie rasse te promoveer. Lewende hawe kampioenskappe het suksesvol ontwikkel as deel van hierdie geleenthede. Professionele beoordeling maak telers en kommersiële produsente bewus van toepaslike teeldiere, markvereistes en aanpasbaarheid by spesifieke boerderyomgewings.



Weens die hoë opvoedkundige waarde van hierdie geleenthede en as erkenning aan die insette van telers en hul toewyding tot konstante verbetering, het Agra hierdie kampioenskappe ondersteun deur pryse, rosette en linte, kundigheid en fondse beskikbaar te maak.

Lewende hawe kampioenskappe by Rehoboth, Grootfontein, Gobabis, Windhoek, Stampriet, Aranos, Opuwo, Okamatapati, Aminius and Khorixas is ondersteun. Bees, bok, skaap en perde het aan die kampioenskappe deelgeneem. Agra se bekende lewende hawe kundiges het gehelp met die beoordeling en waardevolle advies aan boere gegee.

Due to the high educational value of these events and in recognition of breeders' inputs and commitment to constant improvement, Agra supports these championships by providing prizes, rosette and ribbons, expertise and funding. **Livestock championships at Rehoboth,**

Grootfontein, Gobabis, Windhoek, Stampriet, Aranos, Opuwo, Okamatapati, Aminius and Khorixas were supported. Cattle, goats, sheep as well as horses participated in the championships. Agra's well known livestock experts assisted with the judging and provided valuable advice to farmers.

The **National Brahman Championships** at the Windhoek Show of 2008 and the **Windhoek Show Livestock Exhibitors Evening** were both supported by Agra and gave us the opportunity to thank all breeders for their contribution to the improvement of Namibia's livestock sector.

The **Stampriet Show** has also become a big annual event, bringing farmers from all over the south together, showcasing their animals and enjoying informative lectures and demonstrations such as a post-mortem done by Dr Hassel.

WEANER CALF AUCTIONS

During July and August every year Agra's weaner calf auctions take place with many farmers selling the year's calf harvest. Agra uses this opportunity to reward exemplary producers through local weaner calf competitions. During these events Agra's livestock experts advised



farmers on suitable breeds and breeding programmes, supplementation and herd management. Agra is proud to observe that an increasing number of producers from the communal areas won selected prizes - an indication that development initiatives targeting upcoming farmers bear fruit.

FARMER'S DAYS

Regional farmers' unions and farmers' associations are very active in organising both entertaining and informative events to bring the farming community together. Events serve to share experience, gain knowledge and constructively address challenges experienced. Agra encourages these activities and supports the events through participation and contribution in cash and in kind. Amongst many events, Agra supported the **Winter Schools** hosted by the **Keetmanshoop and Karasburg Regional Farmers Unions** respectively, the **Ariamsvlei and Outjo Game Festival**, the **Rehoboth Farmers Association's annual Farmers' Day** and various other information days and mini shows.

The **Keetmanshoop Winter School** was hosted in Aroab early in the financial year on 5 and 6 August 2008. Interesting lectures at this event included discussions on Bonsmara and Nguni breed requirements and lectures on indigenous goats; boer goats and Karakul sheep. For producers of dates and prickly pears there was also an informative lecture while the ladies were entertained with a full program for the two days.

Die **Nasionale Brahmarkampioenskappe en die Vertonersaad** by die Windhoek skou van 2008 is beide deur Agra ondersteun en het aan ons die geleentheid gebied om al die telers te bedank vir hul bydrae tot die verbetering van die lewendende hawe sektor van Namibië.

Die **Stampriet skou** het ook 'n groot jaarlikse gebeurtenis geword wat boere vanuit die suide bymekaar bring om hul diere te vertoon en leersame lesings en demonstrasies, soos die nadoodse ondersoek deur Dr Hassel, by te woon.

SPEENKALFVEILINGS

Gedurende Julie en Augustus elke jaar vind Agra se speenkalfveilings plaas met baie boere wat die jaar se speenkalfoes verkoop. Agra gebruik hierdie geleentheid om uitstaande produsente te beloon deur die aanbied van speenkalfkompetisies. Gedurende die veilings het Agra se lewendende hawe kenners boere ook ge-adviseer rakende geskikte rasse en teelprogramme, aanvullings en kuddebestuur. Dit maak Agra trots om te sien dat 'n toenemende aantal produsente vanuit die kommunale areas spesifieke pryse wen - 'n aanduiding dat die ontwikkelingsinisiatiewe gemik op opkomende boere wel vrugte afwerp.



BOEREDAE

Streekslandbou-unies en boereverenigings is baie aktief in die organisering van vermaaklike en leersame dae wat die boerderygemeenskappe bymekaar bring. Hierdie geleentheid dien 'n belangrike doel om kennis en ondervinding te deel en uitdagings wat ervaar word konstruktief aan te spreek. Agra moedig hierdie geleentheid aan en ondersteun dit deur middel van deelname of bydraes in kontant of ander middele. Die **winterskole** aangebied deur die **Keetmanshoop en Karasburg Streekslandbou-unies** onderskeidelik, die **Ariamsvlei- en Outjo Wildsfeeste**, die **Rehoboth Boerevereniging se jaarlikse boeredag** was enkele van verskeie boeredae en miniskoue wat deur Agra ondersteun is.

Die **Keetmanshoop Winterskool** is in Aroab aangebied, vroeg in die finansiële jaar op 5 en 6 Augustus 2008. Daar is onder andere besprekings gehou oor rasvereistes van Bonsmara en Nguni en lesings oor inheemse bokke, boerbokke en Karakoelskaap. Vir produsente van dadels en turksywe was daar ook leersame lesings terwyl die dames met 'n vol program vermaak is vir die twee dae.

Die **Aranos Boeredag** is ge-organiseer deur die Klein Nossob Boerevereniging en Agra was by die geleentheid betrokke deur rosette en pryse vir die kleinveekampioenskappe te borg en by te dra tot algemene uitgawes om die dag moontlik te maak.

Die **Uhlenhorst Boeredag** het waardevolle praatjies aangebied



The **Aranos Farmers Day** was organised by the Klein Nossob Farmers Association and Agra supported the event by sponsoring rosette and prizes towards the small stock breed championships and contributing to the general expenses.

The **Uhlenhorst Farmers Day** offered valuable talks on diversification, optimising in the current small stock sector and small stock marketing.

Shooting competitions, hosted at the Outjo Wildsfees and the Stampriet show, were supported by Agra through Safari Den who organised the competitions.

SCIENTIFIC ASSOCIATIONS

Progress is essentially based on applied sciences of numerous interactive disciplines. This requires that researchers and scientists exchange information and discuss needs and challenges, but also share relevant information with stakeholders and industries. Agra recognises the valuable objectives of scientific congresses and contributes to these worthwhile events. During the year, Agra proudly supported the congresses of the Agricultural Society of Namibia (AGRISSON), the Association for Agricultural Economics in Namibia (AGRECONA) and the Veterinary Association of Namibia. Experts from our Professional Services Division are active members of these organisations.

AGRECONA is affiliated to AEASA, the Professional Organisation of Agricultural Economists in South Africa and their annual conference in 2008 was hosted in Windhoek with the theme: "Rethinking Agricultural and Rural Development in Southern Africa".

The **Veterinary Association of Namibia (VAN)** brings veterinarians from the private and public sectors together every year. Agra, through Avas Vet Med, its supplier of products to the veterinary sector, supports this event which serves as an important opportunity to interact with this specialised group of clients and which is used by VAN to educate veterinarians and maintain the high standard of service.

The **Agrisson Congress** took place in Oshakati in July 2009 and reported the best attendance in many years. This society is a non-profit association of agricultural scientists and practitioners in Namibia, aiming to promote the application of scientific principles in agriculture production by stimulating research and information dissemination. Dr Axel Rothauge, specialist at Agra is the chairperson of Agrisson. Agra supported this 13th bi-annual congress with the theme: Climate Change and Food Security Challenges in Sub-Saharan Africa: Current Agricultural Innovations.

oor diversifikasie, optimale benutting van die kleinveesektor en kleinveebemaking.

Skietkompetisies is deur Agra se Safari Den aangebied by die Outjo Wildsfees en Stampriet miniskou.

WETENSKAPLIKE VERENIGINGS

Vooruitgang is onafwendbaar gebaseer op toegepaste wetenskap van verskeie interaktiewe dissiplines. Dit vereis dat navorsers en wetenskaplikes inligting uitruil en behoeftes en uitdagings bespreek en dat toepaslike inligting met rolspelers en sektore gedeel word. Agra erken die waardevolle doelwitte van die wetenskaplike kongresse en dra by tot hierdie waardevolle geleenthede. Gedurende die jaar was Agra betrokke by die kongresse van die Landboukundige Vereniging van Namibië (AGRISSON), die Assosiasie vir Landbou-ekonomie (AGRECONA) en die Veeartsvereniging van Namibië. Kundiges van ons Professionele Dienste Afdeling is aktiewe lede van hierdie organisasies.

AGRECONA is geaffilieer by AEASA, die Professionele Organisasie vir Landbou-ekonomie in Suid Afrika en hul jaarlikse konferensie in 2008 is in Windhoek aangebied met die tema: "Oordink Landbou en Pattelandse Ontwikkeling in Suidelike Afrika."

Die **Veeartsvereniging van Namibië** bring veeartse vanuit die privaat en publieke sektor elke jaar bymekaar. Deur Avas Vet Med, Agra se voorsiener van produkte aan die veeartsenysektor, ondersteun ons hierdie geleentheid. Dit dien as 'n belangrike geleentheid om in kontak te kom met hierdie groep gespesialiseerde kliënte en word deur die vereniging gebruik om veeartse te onderrig en 'n hoë standaard van diens te handhaaf.

Die Agrisson kongres het in Oshakati in Julie 2009 plaasgevind en het die beste bywoning in jare gehad. Die vereniging is 'n nie-winsgewende organisasie vir landboukundige wetenskaplikes en praktisyns in Namibië, wat ten doel het om die toepassing van wetenskaplike beginsels in landbouproduksie aan te moedig deur toenemende navorsing en deel van inligting. Dr Axel Rothauge, 'n spesialis in diereproduksie van Agra is die voorsitter van Agrisson. Agra het hierdie 13^e twee-jaarlikse kongres met die tema: "Klimaatverandering-en Voedselsekureitsuitdagings in Sub-Sahara Afrika: Huidige Landbou-inoverings", ondersteun.

SOCIAL INVOLVEMENT

SOCIAL INVOLVEMENT

Through Agra's values we pledge to:

- Be customer oriented
- Be innovative
- Act with integrity
